# KENNISGEWING VAN 'N OMGEWINGSIMPAKEVALUERINGSPROSES OPENBARE DEELNAMEPROSES BRYPAAL SONKRAG (PV) PROJEK

**Agtergrond:** Vintage Energy Pty Ltd stel die ontwikkeling, oprigting en bedryf voor van 'n kommersiële sontermiese kragopwekkingsaanleg (aan die hand van 'n fotovoltaïese tegnologie) en gepaardgaande infrastruktuur met 'n gekontrakteerde vermoë van hoostens 100 megawatts (MW). Die voorstel is dat die projek bekend staan as die Brypaal Sonkrag (PV) Projek.

**Ligging:** Die voorgestelde projek terrein is geleë op restante van Gedeelte 5 van die plaas Brypaal No. 134, geleë ongeveer 60 km suid sui-wes van Kakamas in die Kai !Garib Plaaslike Munisipaliteit (ZF Mgcawu Distrik Munisipaliteit) in die Noord-Kaap Provinsie.

Ingevolge Artikel 24 en 24D van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (Wet 107 van 1998), saamgelees met die OIE-regulasies van Staatskennisgewing R324-327 (soos gewysig 2017), word 'n OIE-proses vir die projek onderneem. Hierdie kennisgewing dien om u te vergewittig van die aanvang van die OIE-fase, asook om kennis te gee van dokumentasie en openbare vergaderings wat beplan word om ten opsigte van die voorgestelde projek gehou te word.

## KONSEP OMVANGSBEPALINGS VERSLAG BESKIKBAAR VIR INSAE

'n Konsep Omvangsbepalings verslag is beskikbaar vir openbare insae en kommentaar. Die verslag sal vanaf **29 Junie 2017 tot 28 Julie 2017** by die Kakamas Openbare Biblioteek te Kakamas beskikbaar gestel word. Die verslag kan ook aangevra word by Piet van Deventer en Cindy Faul (sien kontkabesonderhede onder). Die sperdatum vir skriftelike kommentaar is **4 Augustus 2017**.

## OPENBARE DEELNAME VERGADERING

Alle belangstellende en geaffekteerde partye word uitgenooi om 'n openbare insaevergadering by te woon op:

- **Dinsdag 25 Julie 2017 om 10:00 by AGS Lofoord, Rand, Upington vir staatsamptenare en ander belangstellendes.**
- **Dinsdag 25 Julie 2017 om 14:00 op die plaas Brypaal, by die huis van Mnr. en Mev, Human.**
- **Woensdag 26 Julie 2017 om 10:00 by Laerskool Sentraal Kakamas, vir Staatsamptenare.**
- **Woensdag 26 Julie 2017 om 19:00 by Kakamas Primêr Skool, Sonneblom Straat, Perseel Nommer 1225, Kakamas vir Publiek.**

**Openbare Deelnameproses:** Boscia Environmental Solutions onderneem die nodige omgewingsevaluering en openbare deelnameproses. Ten einde meer inligting te bekom en om op die projek se databasis te registreer, verstrek asseblief u naam, kontakbesonderhede en belang by die projek skriftelik aan Boscia Environmental Solutions by die kontakbesonderhede wat hieronder verskaf word.

Piet van Deventer / Cindy Faul
10 Borrius Street, Potchefstroom, 2531 | Tel: 082 855 4533 / 073 437 2372
E-pos: pietwvd@gmail.com / cindyfaul35@yahoo.com

14x4